



PRETORIA DRAMA EISTEDDFOD 2026

Herfs Eisteddfod 7 Mei – 4 Junie 2026

SILLABUS AFRIKAANSE DRAMA (Kode A)

Inhoud

SPESIALE REËLS	2
VOORBEREIDE INDIVIDUELE ITEMS	4
Poësie (A01).....	4
Gedramatiseerde Poësie (A02).....	4
Prosa (A03)	4
Gedramatiseerde Prosa (A04).....	4
Karakteruitbeelding (A05).....	5
Kontemporêre monoloog (A06)	5
Klassieke monoloog (A07)	5
Multimedia monoloog (A08)	5
Voorbereide Mimiek (A09).....	6
Individuele Poppespeel (A10).....	6
Voordragkonsertprogram (A11).....	6
Voorbereide Redevoering (A12).....	6
Voorbereide Lees (Prosa) (A13)	7
Religieuse Vertolking (A14).....	7
ONVOORBEREIDE INDIVIDUELE ITEMS.....	7
Kreatiewe Advertensie (A15)	7
Onvoorbereide lees Poësie (A16)	7
Onvoorbereide lees Prosa (A17).....	8
Improvisasie (A18).....	8
Gevorderde Improvisasie (A19).....	8
Onvoorbereide Mimiek (A20).....	8
VOORBEREIDE GROEPITEMS	9
Samespraak (A21).....	9
Duo/Trio Voordragkonsertprogram (A22)	9
Duo/Trio Poppespeel (A23).....	9
Toneel (A24).....	10
Spreekkore (A25).....	10
Gedramatiseerde Spreekkore (A26).....	10



SPESIALE REËLS

1 Inskrywings:

- Daar is geen beperkings op hoeveelheid van items waarvoor die skool of studio inskryf nie. Die hoeveelheid items waarvoor elke leerder inskryf moet met sorg benader word, aangesien te veel items die leerder nie altyd bevoordeel nie.

2 Toekenning van weners:

Kandidate wat wil kwalifiseer vir 'n toekenning moet seker maak dat aan al die vereistes voldoen word.

- **Itemweners:** 'n itemwenner word aangewys vir elke sessie, en word met 'n "Item Wenner" plakker op die sertifikaat aangedui. Die minimum vereiste vir 'n itemwenner is 'n A++.
 - ⇒ Die beoordelaar kan ook besluit om geen item-wenner wener aan te wys nie: byvoorbeeld wanneer daar slegs een deelnemer in die sessie is, of twee of drie deelnemers aan wie dieselfde persentasie toegeken is.
 - ⇒ Die beoordelaar se besluit is finaal.
 - ⇒ Die *On-Cue Encore* toekenning word aan alle deelnemers wat 95% en hoër behaal, toegeken.
- **Kategorie-wenners:** 'n kategorie-wenner plakker word toegeken aan die kandidaat met die hoogste persentasie in die kategorie bv. Poësie, Gedramatiseerde Poësie, Prosa ensovoorts.
 - ⇒ Kategorie-wenner plakkers kan na afloop van die Pretoria Drama Eisteddfod by die organiseerder afgehaal word.
- **Trofee-wenners:** Kategorie-wenners en *On-Cue Encore* weners kom outomaties in aanmerking vir trofees. Die trofee-wenners word deur die trofee-paneel en die beoordelaars aangewys. Die trofee-paneel kan besluit om 'n enkel item, 'n voordragkonsertprogram, groep-item of die gemiddeld van wen-kandidate se beste prestasies in aanmerking te neem om die wener aan te wys. Die trofee-paneel se beslissing is finaal. Onvoorbereide items en redevoering is uitgesluit.

Let wel: Kandidate wat vir toekennings in aanmerking wil kom, moet op die oorspronklike geskeduleerde dag (soos op die program) in die afdeling deelneem. GEEN uitsondering sal gemaak word nie.

3 Voordragkonsertprogram

- In volle kostuum of minimale kostumering wat die karakter/tema ondersteun.
- 'n Goed gebalanseerde program (wat betref genres, humor, drama, ens.) met die klem op verskeidenheid, wisseling en 'n deurlopende tema moet aangebied word.
- Kommentaar/skakels kan, indien nodig, deel van die program vorm.
- Klankeffekte en/of musiek mag gebruik word.
- Die kandidaat moet bewys lewer van veelsydigheid ('n minimum van 3 items word vereis, wat poësie, prosa en drama insluit).
- Daar moet balans tussen stilstaande en gedramatiseerde items wees.
- Enige tegniese hulpmiddels en dekor wat gebruik word moet tot 'n minimum beperk word.
- Die tydsbeperking vir optrede is soos aangedui, plus 5 minute ekstra vir die opstel en die verwydering van die toerusting.
- Ekstra persone word toegelaat om hulp te verleen met die toerusting. Tydsduur sal streng gekontroleer word.
- Kandidate moet streng by voorskrifte en tydsbeperking hou.



4 **Dekor, rekwisiete, musiek apparaat, rostrums**

- Afrigters is verantwoordelik vir bogenoemde items.
- Organiseerders aanvaar geen verantwoordelikheid vir apparate of rekwisiete van enige aard nie.
- Slegs eie toerusting mag gebruik word.
- Verkry gebruikstoestemming van die eienaar indien toerusting geleen moet word.
- Rostrums en ateljeedrag moet duidelik gemerk wees.
- Geen oop vlamme mag as deel van enige program gebruik word nie (bv. kersvlammetjies). Dit word deur munisipale regulasies verbied.
- Kleedkamers moet netjies en skoon agtergelaat word.

5 **Onttrekkings en botsende datums**

- Verskuiwings as gevolg van botsing met belangrike sportwedstryde of ander afdelings van die Pretoria Drama Eisteddfod **moet vooraf**, voor die afsnydatum, deur die **geaffilieerde lid** (m.a.w. die verantwoordelike instansie wat die deelnemer ingeskryf het), in een e-pos aan die bestuur deurgegee word.
- So ver moontlik word gepoog om die deelnemer vroeër of later op dieselfde dag te akkommodeer. In geval van siekte sal die deelname na 'n later datum geskuif word, nadat 'n doktersbrief ontvang is.

- **Datums vir Herfsprogram 2026:**

Maandag 2 Februarie 2026 – inskrywingsvorme beskikbaar op webblad.

Dinsdag 24 Maart 2026 (Finale datum vir inskrywings)

Vrydag 17 April 2026 (Programme word aan geaffilieerde lede uitgestuur)

Donderdag 30 April 2026 (afsnedatum vir aanmelding van botsings)

6 **Inhandiging van afskrifte van voorbereide items**

- Vir voorbereide groepwerk (samesprake uitgesluit), moet 'n opsomming van die program direk voor die aanvang van die item aan die organiseerder oorhandig word.
- Afskrifte van ander individuele items word nie benodig nie, behalwe in die geval van voordragkonsertprogramme en tonele wat voor die aanvang van die item by die tafel ingehandig moet word. Alle opsommings en tekste sal saam met die verslag en sertifikaat aan die kandidaat teruggegee word.

7 **Kleredrag**

- Skooldrag is toelaatbaar by stilstande items. Dramadrag vir alle ander items.
- **Meisies:** Swart leotard, voetlose "tights", swart rompie (middelkuit), swart sweetpakbroek met swart bloes, T-hemp of truitjie (geen middellyn mag wys nie) en kaalvoet of swart tekkies. **Geen juwele of naellak toegelaat nie.** Hare netjies weggebind en uit die oë weggesteek.
- **Seuns:** Swart T-hemp, swart kortbroek of sweetpakbroek en kaalvoet of swart tekkies. **Geen horlosies word toegelaat nie.**
- Kleurbaadjies en sweetpaktoppe (van skole en ateljees) is toelaatbaar as die weer dit noodsaak.

8 **Addisionele sertifikate en sertifikate vir groepitems**

- Spelfoute van deelnemers se persoonlike besonderhede en foute ten opsigte van verkeerde grade moet voor die sperdatum (30 April 2026) reggestel word. Die herdruk van sertifikate weens foute op die inskrywings, sal teen 'n koste van R40 per sertifikaat uitgereik word.
- Indien deelnemers aan 'n groep item (duo/trio voordragprogram ingesluit) individuele sertifikate wil ontvang, moet die name op die inskrywingsvorm aangedui word. Addisionele kostes vir individuele sertifikate van groepitems beloop teen R30 per sertifikaat.



VOORBEREIDE INDIVIDUELE ITEMS

Alle items is eie keuse.

Poësie (A01)

- Stilstaande item met geen gebare of bewegings nie.

A 01	Graad 00-12	R 100
Graad 00-R	Maksimum 1 minuut (gemotiveerde gebare word toegelaat)	
Graad 1-3	Maksimum 2 minute	
Graad 4-12	Maksimum 3 minute	

Gedramatiseerde Poësie (A02)

- 'n Gedig wat aangevul kan word met gemotiveerde bewegings en gebare wat die woord versterk.
- Behalwe rostrums, stoele en/of traplere, mag geen ander hulpmiddels gebruik word nie.
- Geen rekwisiete of kostumering is toelaatbaar nie.

A02	Graad 00-12	R120
Graad 00-R	Maksimum 2 minute	
Graad 1-3	Maksimum 3 minute	
Graad 4-5	Maksimum 4 minute	
Graad 5-12	Maksimum 5 minute	

Prosa (A03)

- 'n Afgeronde gedeelte uit 'n prosawerk.
- Geen gebare/bewegings nie.

A03	Graad 1-12	R100
Graad 1-3	Maksimum 3 minute	
Graad 4-5	Maksimum 4 minute	
Graad 5-12	Maksimum 5 minute	

Gedramatiseerde Prosa (A04)

- 'n Afgeronde gedeelte uit 'n prosawerk met funksionele bewegings en gebare.
- Geen rekwisiete of kostumering is toelaatbaar nie.

A04	Graad 1-12	R120
Graad 1-3	Maksimum 3 minute	
Graad 4-5	Maksimum 4 minute	
Graad 5-12	Maksimum 5 minute	



Karakteruitbeelding (A05)

- 'n Voorstelling deur een persoon wat d.m.v. woord, gebaar, beweging en gesigspel verskeie karakters uitbeeld.
- 'n Samehangende gedeelte uit 'n toneelstuk of 'n verwerking uit 'n prosawerk kan gebruik word.

A05	Graad 4-12	R120
Graad 4	Maksimum 4 minute	
Graad 5-7	Maksimum 5 minute	
Graad 8-9	Maksimum 6 minute	
Graad 10-12	Maksimum 7 minute	

Kontemporêre monoloog (A06)

- 'n Monoloog uit 'n kontemporêre gepubliseerde dramateks (na 1955).
- Een karakter word deurgaans uitgebeeld.
- Speel teenoor 'n denkbeeldige karakter/s.
- Dit kan **humoristies of dramaties** van aard wees.
- Dekor en kostuum is toelaatbaar (realisties of eksperimenteel) asook rekwisiete.

A06	Graad 3-12	R120
Graad 3	Maksimum 3 minute	
Graad 4-5	Maksimum 4 minute	
Graad 6-12	Maksimum 5 minute	

Klassieke monoloog (A07)

- 'n Monoloog uit 'n klassieke gepubliseerde dramateks (voor 1955 byvoorbeeld antieke Grieke, Shakespeare, Chekhov, Ibsen, Strindberg, Brecht ensovoorts).
- Een karakter word deurgaans uitgebeeld
- Speel teenoor denkbeeldige karakter/s.
- Dit kan dramaties of komies van aard wees.
- Dekor, kostumering (realisties of eksperimenteel) en rekwisiete is toelaatbaar.

A07	Graad 8-12	R120
Graad 8-12	Maksimum 5 minute	

Multimedia monoloog (A08)

- 'n Monoloog verwerk uit prosa, TV, film/internet, of geïmproviseerde teks.
- Een karakter word deurgaans uitgebeeld.
- Speel teenoor denkbeeldige karakter/s.
- Die monoloog kan humoristies of ernstig van aard wees.
- Dekor, kostumering (realisties of eksperimenteel) en rekwisiete is toelaatbaar.

A08	Graad 3-12	R120
Graad 3-12	Maksimum 5 minute	



Voorbereide Mimiek (A09)

- Tema – eie keuse.
- Geen spraak mag gebruik word nie. Deelnemer kondig tema (onderwerp) aan met 'n plakkaat.
- Deelnemer moet asseblief 'n A5 of A4 grootte bladsy met die onderwerp inhandig by die beoordelaar.
- Swart dramadrag is 'n vereiste.
- Daar mag klankeffekte of musiek gebruik word.
- **GEEN** rekwisiete is toegelaat nie.

A09	Graad 3-12	R120
Graad 3-7	Maksimum 3 minute	
Graad 8-12	Maksimum 4 minute	

Individuele Poppespeel (A10)

- 'n Oorspronklike verhaal.

A10	Laerskool & Hoërskool	R220
Laerskool & Hoërskool	Maksimum 15 minute	

Voordragkonsertprogram (A11)

- Sien riglyne by *Spesiale Reëls*.

A11	Graad 6-12	R220
Graad 6-7	Maksimum 12 minute	
Graad 8-12	Maksimum 15 minute	

Voorbereide Redevoering (A12)

- Die toespraak moet 'n spesifieke standpunt vir of teen die onderwerp verdedig (dus oorredend van aard).
- Graad 1-4 twee hoofpunte met verwysing na navorsing, Graad 5-12 drie hoofpunte met verwysing na navorsing.
- Notas mag byderhand gehou word.

A12	Graad 1-12	R100
Graad 1-3	Maksimum 3 minute	
Graad 4-7	Maksimum 4 minute	
Graad 8-12	Maksimum 5 minute	



Voorbereide Lees (Prosa) (A13)

- Deelnemer berei 3 ouderdomspesifieke leesstukke van sy/haar eie keuse voor.
- Die beoordelaar kies een van die stukke om voorgelees te word op die dag van optrede.

A13 **Graad 1-12** **R100**
Graad 1-12 Maksimum 3 minute

Religieuse Vertolking (A14)

- Prosa of Poëtiese (digterlike) uittreksels uit religieuse tekste.
- Godsdienstige en godsdienstig filosofiese tekste mag gebruik word.
- Bronne waarna gekyk kan word:
 - Die Bybel (verskeie vertalings), Apokriewe boeke, Kinderbybel, die Radikale Jeugboodskap, Leefstyl Bybel, en Koran.
 - Berymde verse uit amptelike sangbundels van verskillende kerklike dominasies.
 - Gedigte met godsdienstige temas, soos W E G Louw se *Passie-sonnette*, Hans du Plessis se *Griekwa verse* val onder die gewone eie-keuse afdeling vir poësie.
- Die aanbieding moet die nodige gewyde atmosfeer van die teks bevorder.
- Beweging moet pas by die inhoud en stemming van die teks.

A14 **Graad 1-12** **R100**
Graad 1-12 Maksimum 3 minute

ONVOORBEREIDE INDIVIDUELE ITEMS

Alle onderwerpe/voorwerpe word deur die beoordelaar verskaf.

Kreatiewe Advertensie (A15)

- 'n Spesifieke produk moet geadverteer word bv. seep, tandepasta, ens.
- **Vorbereidingstyd: 5 minute.**

A15 **Graad 6-12** **R120**
Graad 6-7 Maksimum 1 minuut
Graad 7-12 Maksimum 1½ minuut

Onvoorbereide lees Poësie (A16)

- Die beoordelaar verskaf die teks.
- **Vorbereidingstyd: 5 minute.**

A16 **Graad 5-12** **R100**
Graad 5-7 Maksimum 1½ minuut
Graad 8-12 Maksimum 2 minute



Onvoorbereide lees Prosa (A17)

- Die beoordeel verskaf die teks.
- **Vorbereidingstyd: 5 minute.**

A17	Graad 1-12	R100
Graad 1-4	Maksimum 1 minuut	
Graad 5-7	Maksimum 1½ minuut	
Graad 8-12	Maksimum 2 minute	

Improvisasie (A18)

- 'n Oorspronklike toneeltjie moet aangebied word deur een persoon waarin 'n situasie d.m.v. spraak, gebare en bewegings uitgebeeld word.
- Twee onderwerpe word **5 minute voor optrede** deur die beoordelaar beskikbaar gestel. Die deelnemer moet 1 onderwerp kies en self aankondig.
- Dit word in monoloogvorm aangebied.
- **Vorbereidingstyd: 5 minute.**

A18	Graad 5-12	R120
Graad 5-12	Maksimum 3 minute	

Gevorderde Improvisasie (A19)

- Die deelnemer maak gebruik van leidrade, dekor en rekwisiete wat deur die beoordelaar op die verhoog geplaas is.
- Geen onderwerp hoef aangekondig te word nie, maar die interpretasie van die stimulus en die storielyn moet duidelik en logies in die toneeltjie uitgespeel word.
- 'n Duidelike karakter word geskep en uitgebeeld.
- Dit word in monoloogvorm aangebied.
- **Vorbereidingstyd: 5 minute.**

A19	Graad 5-12	R120
Graad 5-12	Maksimum 3 minute	

Onvoorbereide Mimiek (A20)

- 'n Oorspronklike toneeltjie waarin 'n situasie slegs deur skeppende gebare en beweging in mimiek styl uitgebeeld word.
- Twee onderwerpe word **5 minute** voor optrede aan die deelnemer deur die beoordelaar oorhandig.
- **Geen spraak.** Spraak word geenaliseer.
- Deelnemer moet papier en pen bring waarop die onderwerp geskryf word.
- **Vorbereidingstyd: 5 minute.**

A20	Graad 5-12	R120
Graad 5-12	Maksimum 3 minute	



VOORBEREIDE GROEPITEMS

Alle items is eie keuse. Gebruik asseblief die inskrywingsvorm vir groepitems. Die groep se inskrywingskategorie word bepaal volgens die ouderdom van die deelnemers.

Die volgende geld vir al die items:

- Enige tegniese hulpmiddels en dekor wat vir atmosfeer ingesluit word, moet waar moontlik, tot 'n minimum beperk word.
- Die tydsbeperking vir optrede is soos aangedui plus 5 minute ekstra vir die opstel en die verwydering van toerusting gesamentlik.
- Ekstra persone word toegelaat om hulp te verleen met die toerusting.

Samespraak (A21)

- 'n Toneel (nie revue, kabaret of duo-poësie nie) in die klein word aangebied deur 2 deelnemers wat elk 'n deurlopende karakter vertolk.
- Kostuums, rekwisiete, dekor en byklanke mag spaarsamig gebruik word.

A21	Graad 1-12	R220
Graad 1-3	Maksimum 6 minute	
Graad 4-5	Maksimum 8 minute	
Graad 6-12	Maksimum 10 minute	

Duo/Trio Voordragkonsertprogram (A22)

- **Twee of drie deelnemers** wat 'n program (2 of meer items) aanbied met die klem op verskeidenheid, veelsydigheid en 'n sentrale tema.
- Hierdie items mag enige aspek van drama insluit, maar die gesproke woord moet vooropstaande bly. Items kan op enige paslike manier gekoppel word (bv. beweging, musiek, klankeffekte ens.)
- Eenvoudige (nie volle) kostumering mag gebruik word.

A22	Graad 1-12	R250
Graad 1-12	Maksimum 15 minute	

Duo/Trio Poppespeel (A23)

- 'n Oorspronklike verhaal.
- Twee of drie persone vertolk 'n verhaal met poppe.

A23	Laerskool & Hoërskool	R250
Laerskool & Hoërskool	Maksimum 15 minute	



Toneel (A24)

- Tekste **MOET** 3 dae voor deelname aan die organiseerder gestuur word sodat beoordelaars dit kan bestudeer voor optrede.
- **Geen onsedelike, diskriminerende, en ras-sensitiewe temas of tonele word toegelaat nie.**
- Daar sal 15 minute voor deelname en 15 minute na deelname toegelaat word vir dekorwisseling.

Tonele word op 25 & 26 Junie 2026 aangebied by Hoërskool Swartkop.

A24	Laerskool	30 min	R 550
A24	Hoërskool	40 min	R 550

Spreekkore (A25)

- Eie keuse.
- Minimale beweging en gebare. Geen groep verskuiwings nie.
- Minimum van 12 koorlede.
- Twee beoordelaars sal die spreekkore beoordeel.

A25	Graad 1-12	R450
Graad 0-12	Maksimum 5 minute	

Gedramatiseerde Spreekkore (A26)

- Eie keuse.
- Dramatisering met bewegings en gebare om die inhoud te ondersteun is toegelaat.
- Verskuiwing van groepe dra by tot wisseling.
- Minimum van 12 koorlede.
- Twee beoordelaars sal die spreekkore beoordeel.

A26	Graad 0-12	R450
Graad 0-12	Maksimum 6 minute	

